Sake24, 17 November 2009

Astral Foods trek voordeel uit slag van jonger kuikens

Hennie Duvenhage, Kaapstad

'n Besluit om braaikuikens reeds op die ouderdom van 35 dae te slag in plaas van die gebruiklike 37 en 'n verlaging in die prys van hoenderkos, het Astral Foods in staat gestel om in uitdagende handelstoestande groei van 6% in bedryfswins aan te teken vir die boekjaar tot einde September.

Mnr. Chris Schutte, uitvoerende hoof van Astral Foods, sê dit was die maatskappy se hoenderbedrywighede wat die wa deur die drif getrek het. Die bedryfswins uit sy voerbedrywighede het met 22% gedaal.

Die maatskappy se hoenderbedrywighede het 'n groei van 13% in inkomste getoon ten spyte daarvan dat verkoopsvolumes 5% laer was. Verhoogde pryse vir hoender het hoofsaaklik daartoe bygedra dat die maatskappy se inkomste uit sy hoenderbedrywighede gestyg het.

Die verbeterde inkomste uit hoenderbedrywighede is verder aangehelp deur 'n kosteverlaging. Benewens die verlaging in die prys van voer as gevolg van die verlaging van die mielieprys, het Astral Foods voordeel getrek uit die besluit om hoenders twee dae jonger as gewoonlik te slag.

Daar is gevind dat 35-dae-oue-hoenders nie proporsioneel dieselfde gewig aansit tot by die ouderdom van 37 dae nie en dat die voer wat hulle in die twee dae eet kostegewys verlore gaan.

Astral Foods se voerafdeling is negatief geraak deur die afname in lewende hawe wat gevoer moet word as gevolg van die kleiner vraag. Dit het tot oortollige vermoë by die voeraanlegte gelei.

Die skommelende graanpryse en 'n konserwatiewe benadering tot die aankoop van graan vir die maak van voer, het veroorsaak dat Astral Foods vir die tydperk Januarie 2009 tot Mei 2009 hoër pryse as heersende markpryse vir die graan betaal het.

Die maatskappy se bedrywighede in Zambië het nie aan die verwagting voldoen nie weens die inkrimping in dié land se ekonomie en die verswakking van Zambië se geldeenheid.

"Ons gaan voort om 'n konserwatiewe houding in te neem met die verkryging van grondstowwe vir die voerafdeling in die lig van die dreigende El Niño-verskynsel wat voorspel word," sê Schutte.

"As gevolg van die voortslepende swak ekonomiese situasie sal ons net in 'n beperkte mate die styging in omsetkoste uit verkoopspryse kan verhaal."

Hy verwag dat sake in die eerste ses maande van 2010 gunstig vir Astral Foods sal wees danksy laer grondstofpryse en 'n verbetering in die balans van die vraag en aanbod van hoendervleis.

Schutte sê die maatskappy is goed geplaas om voordeel te trek uit enige verbetering in die ekonomie.

Astral se aandeelprys het gister 2,4% hoër op R102,37 gesluit.

ASTRAL FOODS

Kernsyfers

- Omset: R8,8 miljard (+8%)
- Bedryfswins: R581 miljoen (+6%)
- Verdienste per aandeel: 908c (+6%)
- Dividend: 700c per aandeel (onveranderd)
- Aanbeveling (Bloomberg): 2 koop, 1 hou en 0 verkoop